

## 'n Goed-aangevulde arsenaal woede?

Juliana Claassens\*

Die Afro-Amerikaanse skrywer en aktivis Audre Lorde se stelling dat “elke vrou ’n goed-aangevulde arsenaal woede het wat moontlik nuttig kan wees teen daardie onderdrukkings, persoonlik en institusioneel, wat daardie woede veroorsaak het” is goed bekend. Sy redeneer dat “wanneer dit met presisie gefokus word, kan daardie woede ’n kragtige bron van energie word wat vooruitgang en verandering dien”.

Lorde het dié uitspraak amper 30 jaar gelede (Junie 1981) in ’n [geleentheidstoespraak](#) by die Nasionale Vrouestudievereniging se konferensie in Storrs, Connecticut gemaak binne die konteks van Afro-Amerikaanse vroue se reaksie op rassisme. Dertig jaar later het Lorde se woorde goed verouder. Miskien te goed, gegewe dat die voortslepende werklikheid van rassisme, seksisme en homofobie nie net in ons land nie, maar regoor die wêreld steeds vroue van alle rasse en agtergronde se daaglikse realiteite inkleur.

Vir Lorde is “woede gelaai met inligting”. Woede dien inderdaad as ’n barometer, ’n termometer, ’n loodlyn dat goed nie is soos dit moet wees nie. Veral wanneer ons spesifiek gevra word om oor vroue se status in die wêreld na te dink, soos byvoorbeeld op Internasionale Vrouedag (8 Maart), is dit duidelik dat vroue nie beter daaraan toe as die jaar vantevore nie. Gee COVID-19 die skuld, of kultuur, of onkunde, of selfs ’n algemene onwilligheid om te verander. Die feit bly dat meer vroue as ooit te vore die slagoffers van geslagsgebaseerde geweld is – al te dikwels die toedoen van diegene wat veronderstel is om hul geliefdes te wees. Soos ek reeds gesê het – Lorde se woorde is vandag nog net so toepaslik as 30 jaar gelede.

Volgens Lorde is woede ook ’n “bron van energie”. Xolani Kacela skryf in ’n [artikel](#) oor die rol van woede in Swart Vryheidsteologie dat woede “mense aanhits tot verandering”; “die status quo frustreer” en “mense aanmoedig om te verander”. Dit is die produktiewe gebruik van woede wat mense in staat stel om in godsdienstige terme van “geregverdigde woede”, “profetiese toorn” en “heilige verontwaardiging” te praat, soos Yolanda Pierce [opmerk](#).

Hierdie jaar waarin alles omvergegooi is deur die voortslepende angswekkende onsekerheid wat deur die wêreldwye pandemie veroorsaak word, mag ons dalk meer as ooit voel ons woede het geen uitwerking nie. Ondanks ons beste pogings, word mense *nie* aangehits tot aksie nie, die status quo word steeds gehandhaaf en mense is *nie* gemotiveerd om te verander nie.

Dit is dus nie verbasend dat baie vroue-aktiviste, asook ander medestryders wat onstig is oor wat hulle in hul gemeenskappe sien of in die koerante lees, se “goed-aangevulde arsenaal van woede” – wat volgens Lorde binne elke vrou se bereik is – baie uitgeput is nie. Daar is immers ’n baie fyn lyn tussen woede en wanhoop.

Jilly Boyce Kay en Sarah Banet-Weiser skryf in ’n baie insiggewende [artikel](#) oor feminisme en woede binne die konteks van die #MeToo-beweging dat “wanneer woede vir feministiese doelwitte gemobiliseer word en dit steeds lyk of dit nie die bouwerk van patriargale en misogyniste se mag kan oopbreek nie, laat dit ruimte vir diepe wanhoop om in te kom”. Hulle beklemtoon die werklike moontlikheid dat woede moontlik “wrewelrig, smetterig en diep reaktief” kan word. Veral wanneer woede geïgnoreer word en onregverdigede voortduur, kan mense in wanhoop verval – sonder ’n “kreatiewe visie of hoop vir die mensdom” kan woede dalk floreer en groei – “in die magteloesheid daarvan kan die toorn dalk vernietigend [word].”

Op hierdie Internasionale Vrouedag is dit dalk meer as ooit belangrik dat ons saamdink oor wat ons met ons woede en frustrasie doen wanneer dinge nie verander nie. Ons kan dit immers eenvoudig net nie bekostig om in wanhoop te verval nie. Daar is net te veel op die spel.

Daarom vind ek die alternatief wat Kay en Banet-Weiser in hul artikel oor feminisme en woede vir wanhoop voorhou, so fassinerend. Hulle hou 'n argaïese 15de-eeuse Engelse woord, "respair" voor wat soos volg gedefinieer kan word: "nuwe hoop; 'n herstel van wanhopigheid; die terugkeer van hoop ná 'n tydperk van wanhoop." Volgens hierdie begrip bestaan hoop en wanhoop saam, aangesien "ons slegs deur die omhelsing van woede en wanhoop – en die erkenning daarvan as regmatige aspekte van ons politiek – kan hoop vir ware, herskeppende verandering." Hulle erken dat "dinge erger is as wat ons dink; die taak is baie groter as wat ons gedink het." Ons kan ons sekerlik hiermee vereenselwig in hierdie tyd waarin ons die aaklige mylpaal vier dat ons nog n jaar van die vernietigende pandemie binnegegaan het. Hierdie besef kan ons egter dalk eerder tot aksie laat oorgaan, eerder as om ons tot stilstand te dwing" indien ons oor "wanhoop kan dink as iets waarmee eerder as waarteen daar gewerk kan word".

Deur ons toestand van gebrokenheid te aanvaar, en deur ons toenemende wanhoop van woede wat geen resultate lewer nie, te omhels, mag ons dalk die omgekeerde vind dat ons by die vars hoop van "respair" baat. Ten opsigte van hierdie begrip, mag "respair" dalk help om die tipe produktiewe woede te skep wat ons sal help om vir verandering van binne die ervaring van wanhoop te werk.

*\*Prof Juliana Claassens is professor in die Ou Testament en hoof van die Gendereenheid by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.*